

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/10)

Justin Chadwick (28 Mei 2010)

GESEGD VAN DIE WEEK "Rugby is a good occasion for keeping thirty bullies far from the center of the city."

Oscar Wilde

TRANSNET STAKING

Die jongste nuus is dat die staking verby is!!!! Ongelukkig sal dit tyd neem om die agterstand weg te werk en om die land se uitvoere weer aan die gang te kry. Dit lyk asof invoere eerste uitgeklaar gaan word om plek in die hawe beskikbaar te kry – daar word verwag dat uitvoere die naweek sal begin beweeg. Transnet is versoek om prioriteit aan bedrefbare produkte te gee.

Nou is dit 'n geval dat kostes geanaliseer moet word – 'n moeilike taak wat nou baie subjektief raak. Sommige van die kostes is maklik berekenbaar – soos addisionele stoorkostes, addisionele vervoerkostes en die kostes om van houters na konvensioneel te verander. Kostes wat moeiliker is om te bereken is die verlies aan markgeleenthede (as iemand nie vandag 'n lemoen geëet het nie, gaan hul nie noodwendig môre twee eet nie) en die skade aan ons reputasie wat veroorsaak is deur ons onvermoë om 'n diens aan ons kliënte te lewer. Daar is ook die koste aan die agteruitgang van vrugkwaliteit en die moontlikheid dat sommige vrugte weggegooi moet word. Daar is ook die bekommernis dat wanneer die uitvoere in volle swang is, 'n stormloop van vrugte na die markte 'n erosie in pryse kan veroorsaak. In haar inligting aan die Parlement het die Minister van Landbou genoem dat die verliese vir die sitrusbedryf R650 miljoen beloop. Ons skattings is 'n effens minder, maar wat dit ook mag wees, dit blyk dat dit 'n jaar gaan wees waar verliese nie bekostig kan word nie.

'n Moontlike, onverwagte gevolg van die staking is dat meer sitrus na Maputo in die toekoms kan gaan ten koste van Durban hawe en die Suid Afrikaanse werkersmag. Die gevaar van 'n monopolie is dat wanneer dinge verkeerd gaan en as daar keuses is, kan die monopolie gesystap word. Sitrusprodusente het goeie ondervindinge met Maputo in 2010 – en dit mag die hawe van keuse in die toekoms word.

SITRUS BEMARKINGSFORUM (CMF)

Die tema van die CMF was "the hits just kept on coming". Baie in die sitrusbedryf kan nie onthou van 'n slegter begin vir 'n seisoen nie – as begin het die sterker rand 20%+ van die "bottem line" geneem, laat reëns het die pakkery in die Noorde ontwig en dan het die uitgerekte staking verwoesting onder uitvoerprogramme veroorsaak – veral markte wat deur houters gediens word. As die bywoning van die CMF 'n barometer van die rolspelers in die bedryf se bekommernis is, lyk dit asof daar baie bekommerde mense is.

Andre Cilliers van Treasury One het 'n baie breedvoerige oorsig van die Suid-Afrikaanse en die wêreld se ekonomie gegee. Die slotsom is dat daar geen rede is om enige verswakking van die rand teenoor die pond of Euro te verwag nie, alhoewel daar 'n effense verswakking teen die US\$ kan wees. Dit sal egter nie as gevolg van die rand se sterkte wees nie, maar eerder as gevolg van 'n verswakking van die Euro of Britse pond.

Mike Holtzhausen was vir 'n uur met besprekings oor fitosanitêre en biosekuriteits-aangeleenthede besig (waarskynlik langer as wat die Stormers Saterdag teen die Bulle gaan hou). Dit was tyd wat goed benut is om hangende sake uit te klaar. Produsente is gevra om spesiale aandag aan die ISPM15-merke op palette (en in die algemeen meer kieskeurig te wees oor die palette wat hul gebruik) te skenk. Plakkers (en veral plakkers vir Japan) en korrekte dokumentasie is ook beklemtoon.

GEPAK EN VERSKEEP

Nawels en sagte sitrus wat gepak is, is meer as wat oor die laaste twee jare gepak is (jaar tot op datum), terwyl **suurlemoene en pomelo's** dieselfde as 2008 is. Satsumas wat tot op datum gepak is, is 1.874 m – kom nader aan die skatting van 1.883 m. Met 'n paar pakhuise wat steeds pak, is die geskatte **Satsuma** volume nou na 1.906m aangeskuif.

Die effek van die staking is duidelik in die verskepte syfers - in week 20 van 2008 is 1.2 m kartonne verskeep, terwyl in week 20 van 2010 0.8m verskeep is. 'n Ander gevolg van die staking is die afname in verskeping van **suurlemoene** na die Verre-Ooste (7% in 2010; 18% in 2009). Daar was 'n toename na die Midde-Ooste (2010 47%; 2009 37%), Rusland (2010 21%; 2009 14%) en Noord-Europa (2010 14%, 2009 6%). Verskeping van **pomelo's** na Japan tel nou op met die eerste paar skepe wat op pad is (2010 20%; 2009 19%). Noord-Europa het minder ontvang (2010 27%, 2009 46%), terwyl Rusland steeds goed voorsien word (2010 22%, 2009 9%). Die minder **sagte sitrus** besendings wat na die VK gegaan het (2010 47%, 2009 63%), is deur Rusland (2010 18%, 2009 9%) en Noord-Europa opgeneem (2010 23%, 2009 19%).

Tot Week 19 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak	Finaal Verskeep
BRON: PPECB	2008	2009	2010	2009	2010	2010	2010	2009	2009
Pomelo's	4.9m	5.2m	4.7m	2.5m	1.2m	12.6m	12.2m	14.2m	13.7m
Sagte Sitrus	2.8m	2.6m	3.4m	1.7m	1.9m	7.5m	7.6m	6.8m	6m
Suurlemoene	3.8m	2.6m	3.8m	1.6m	1.4m	9m	9m	8.7m	7.7m
Nawels	2.5m	2.2m	3.4m	0.5m	0.4m	21.4m	21.4m	19.4m	19.1m
Valencias	-	-	-	-	-	41.3m	41.4m	38.5m	35.3m
	14m	12.6m	15.3m	6.3m	4.9m	91.8m	91.6m	87.6m	81.8m